VEREENIGING GIMNASIUM

Die tuiste van Afrikaans in die Vaal
De Villierslaan, Vereeniging, 1939
Tel nr: (016) 421 3647 Faks: (016) 421 3648
E-pos: navrae@vgim.co.za www.vgim.co.za

Beste Uitstaller

Welkom by die Tekkiefees van 2016 in Vereeniging! Die jaar word die fees weer aangebied op die skoolgronde van Vereeniging Gimnasium op die 2de en 3de September 2016. Ons wil u graag weer, of vir die eerste keer deel daarvan maak as uitstaller. Indien u belangstel gee ons graag die volgende inligting deur:

Keuring

- ✓ *Unieke handgemaakte artikels word uitgestal en alle artikels wat by die fees verkoop word is onderhewig aan keuring.*
- ✓ *Voltooi asseblief die registrasievorm en stuur so spoedig moontlik terug na navrae@vgim.co.za of faks na 016 421 3648.*
- ✓ *Sluitingsdatum vir die aansoek om keuring is 29 Julie 2016.*
- ✓ *Keuring van u artikels sal geskied via e-pos d.m.v foto's van die artikels (e-pos: navrae@vgim.co.za).*
- ✓ *Artikels sonder pryse kan nie gekeur word nie.*
- ✓ *Merk asb. die e-pos met "**Tekkiefees uitstalling**" in die onderwerplyntjie.*
- ✓ *U sal voor of op 5 Augustus 2016 in kennis gestel word of u artikels goedgekeur is, al dan nie.*
- ✓ *Vir enige navrae i.v.m keuring skakel Marylise by 084 587 0511 na 14:00.*

Registrasie

- ✓ *Indien u artikels goedgekeur is, is 'n registrasiefooi betaalbaar om u stalletjie te bespreek.*
- ✓ *'n Nie-terugbetaalbare registasiefooi van R300 is betaalbaar voor 12 Augustus 2016. Hierdie geld sluit jou uitstalruimte van 3mx3m in.*
- ✓ *Indien u nie voor of op 12 Augustus registreer en die registrasiefooi betaal nie verval u geleentheid om uit te stal en kry 'n uitstaller op die waglys 'n beurt.*
- ✓ *U uitstalruimte en -nommer sal aan u toegeken word sodra u gekeur en geregistreer het.*